**3 Maart** **Skrifgedeelte: Lukas 17:1-10**
**HK, Vraag 62**

## Ons goed-doen op God se weegskaal

Soms hoor ons nog van mooi dinge. Waar boosdoeners by ’n verkeerslig toegeslaan het, het twee wildvreemde mans die vrou kom help en die skuldiges vasgetrek. Daar is nog mense wat bereid is om sonder vergoeding hul tyd en geld te gee vir ’n saak wat in hul oë tot seën vir baie kan wees. Ek voel tevrede met my kerkgang, my betrokkenheid en sorg vir ons bejaardes in ons gemeenskap. Dit is tog goed-doen, nie waar nie? Wat sê God hiervan?

Die waarheid is dat ons mees opregte bedoelinge, edelste dryfvere en opofferende selfverloëning niks op God se weegskaal wys nie (vgl. Ef 2:9). As ons iets van ons kant op die skaal sou wou plaas om ons skuld te betaal, verwag God dat ons goeie werke/prestasies/bedoelinge volmaak en van die hoogste standaard sal wees. Wanneer ons ons beste aan die wet van God gaan meet, besef ons elke keer ons kom nog soveel kort om ooit te kan vergoed vir ons sondes en verkeerdhede. Ongelukkig is ons beste werke ongeag lewenservaring en wysheid nog altyd maar liggewig. Daar sit altyd ’n stukkie gebrokenheid vas aan ons beste woorde en dade.

Ons moenie ons beste optrede sien as sagmakertjies voor God nie. Ons moet ook nie skouerkloppe van hom verwag wanneer ons nog net dit doen wat ons wel behoort te doen nie. Met dit alles in gedagte kan u nou sê: “Wat ’n onverdraagsame en ongevoelige God! Wat vir ’n geloof is dit wat ons net elke keer dieper in die modder intrap? Hoe kan ’n mens ooit goed en gelukkig voel met so ’n God?” Sondag 24:63 antwoord hierop.

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~